

Hou by die wedstrydplan

Uitgawe 88: November 2019

Die ikoniese belegger Warren Buffett skryf nie hul sukses deur die jare bloot aan intelligensie toe nie. In werklikheid gaan dit meer daaroor om foute te vermy. Charlie Munger, sy jarelange sakevennoot, het ook gesê: *"Dit is opvallend hoeveel voordeel ons het deur konsekwent nie dom te wees nie, eerder as om baie intelligent te probeer wees."* Hierdie stelling mag voor die hand liggend klink, maar as u iemand vra of hulle weens oningeligtheid foute maak, sal hulle antwoord waarskynlik nee wees. Ongelukkig besef ons nie altyd wanneer ons 'n fout maak nie. Wat finansiële beplanning en beleggingsadvies betref, voel heelwat mense slim, terwyl hulle in meeste gevalle oningelig is.

Ongelukkig het die beleggingsproses nie 'n klinkklare oplossing nie – **daar is geen tower-formule nie**. Dit is ook nie 'n elektriese stroombaan met 'n aan- en afskakelaar nie. Daar is geen geheime nie. Die beleggingswêreld is die perfekte voorbeeld van 'n komplekse probleem met geen bekende oplossing nie. As daar oplossings was, sou iemand dit bemeester het. Daarom is daar nooit 'n vinnige of maklike manier om ryk te word nie (anders sou almal teen hierdie tyd al ryk gewees het). Dink aan al die vorme van probleme waarmee die wêreld vandag stoei. As enige van hierdie probleme maklik was, sou dit opgelos gewees het. Dit beteken dat slegs die moeilikste (en mees ingewikkelde probleme) oorbly. Die beleggingswêreld se 'geheim' is redelik voor die hand liggend, maar min volg die advies omdat dit te eenvoudig is: leef met minder as wat jy verdien, spaar die verskil en bly geduldig.

Prestasie in perspektief

Die afgelope 5 jaar het ons plaaslike JEB teen tussen 51 000 en 60 000 punte verhandel. Verstaanbaar wil kliënte graag weet wanneer die prestasie waarskynlik sal verbeter en of hulle nie alles in kontant of in die buiteland moet belê nie. Terloops, die Britse FTSE het nie veel om oor dieselfde tydperk te wys nie en Duitsland kan dalk nog hierdie jaar in 'n resessie beland. Die VSA was oor die laaste 10 jaar beslis beter af – tussen die begin van 2010 en die einde van 2019 het die Amerikaanse mark van ongeveer 10 000 punte na byna 27 000 beweeg, 'n opbrengs van benaderd 10% per jaar (in Amerikaanse dollars)! Hierdie is bloot ter illustrasie, maar die voorafgaande periode tussen 2000 en 2010, was die dieselfde indeks op 'n sywaartse patroon. Gedurende daardie tydperk het die Amerikaanse beurs negatief teen 0,71% per jaar vir 'n hele dekade beweeg! Terselfdertyd het die JSE bykans 13% per jaar gelewer, terwyl die Rand met slegs 1,8% per jaar verswak het (van R 6,15 tot R 7,39 aan die Amerikaanse dollar). Watter les neem ons hieruit?

- **Finansiële markte (insluitende oorsese markte) kan sywaarts beweeg vir lang tydperke en doen dit wel;**
- Alhoewel die toedeling van buitelandse beleggings 'n belangrike oorweging moet wees, waarborg nie noodwendig beter beleggingsopbrengste nie.

Warren Buffett het eenkeer gesê dat die aandelemark 'n meganisme is om rykdom van ongeduldige mense na die geduldige persone oor te dra. Dink daarvoor na. Kan ons in die nabye toekoms dalk spyt wees oor enige skielike veranderinge wat ons nou maak?

'n Wêreld van lae of negatiewe rentekoerse

Wat beteken lae tot negatiewe rentekoerse? Howard Marks van Oaktree Capital in Amerika het onlangs aan kliënte genoem dat dit 'n misterieuse verskynsel is. Hy skryf: *"Die feit dat ons weet wat dit is, net soos met inflasie en deflasie, verander nie die feit dat ons nie met sekerheid weet hoekom negatiewe koerse daar is nie, hoe lank dit sal voortduur, wat kan veroorsaak dat dit positief draai, wat die gevolge daarvan is en of dit na die VSA sal oorwaai."* Groot dele van Europa en Japan het negatiewe rentekoerse. Negatiewe koerse impliseer dat die uitlener die persoon wat leen, betaal. Jy kry ook geen rentekoers op jou bankdeposito nie. Intendeel daar is 'n heffing!

Kan lae koerse die onverantwoordelike toewysing van kapitaal tot gevolg hê? Sou dit lei tot te veel kapitaal wat te min goeie geleenthede najaag en 'n wanbalans meebring? Beteken dit dat hierdie ekonomieë oor langer periodes nie genoeg sal kan groei nie met die onvermoë om 'n hoër leenkoste te absorbeer? Wat beteken dit vir 'n verouderde Europese en Japanse bevolking waar al hoe minder mense belasting betaal en bydra tot onvolhoubare pensioenfondse?

In die konteks van Suid-Afrika kan dit beteken dat beleggers in die buiteland na geleenthede elders moet soek wat 'n hoër reële opbrengs (na inflasie) bied. Indien Suid-Afrika in staat is om sy beleggingsgradering en vertroue te handhaaf (tesame met 'n gedissiplineerde fiskale en monetêre beleid), behoort laer koerse in die buiteland ons ekonomie te bevoordeel. Buitelanders sal bereid wees om ons skuld te koop vir infrastruktuur-ontwikkeling ens. Die onsekerheid rondom Eskom is hoog. Die risiko is dat die regering se leenkoste toeneem sonder wesenlike ekonomiese groei en die onbereidwilligheid om enige beleidsverandering deur te voer.

Moody's se gradering en voorgeskrewe bates

Tito Mboweni, minister van finansies, het einde Oktober op die tussentydsebegrotingsrede geen konkrete maatreëls gehad om die ooglopende probleme aan te spreek nie. Moody se hersiene vooruitsigte vir Suid-Afrika is na negatief aangepas en het effektiewelik die tesourie 'n ultimatum gegee wat daadwerklike hervorming in die volgende 3 tot 9 maande vereis. Ons gradering hang nou aan 'n dun draadje. Moody's het die politieke faksies en belange van vakbonde erken en dit belemmer natuurlik enige verandering wat sekere dele van die bevolking sal beïnvloed.

Die verkiesingsmanifes van die ANC in 2019 het verder gesê dat die regering die instelling van voorgeskrewe bates op finansiële instellings sou ondersoek om bronne vir beleggings in sosiale en ekonomiese ontwikkeling te ontsluit. Dit beteken 'n vereiste om in voorafbepaalde ontwikkelingsprojekte soos skole, staatshospitale en infrastruktuur te belê. Weereens doen ons 'n beroep op kliënte teen oorhaastige optrede. Tans is ons onseker hoe en of hierdie hervorming hoegenaamd geïmplementeer sal word.

Hou by u finansiële plan

Net soos die Bokke saam met hul afrigter en personeel aan 'n wedstrydplan gewerk het, het beleggers ook hul eie unieke finansiële plan nodig. M.a.w. 'n besluitnemings-raamwerk om foute te vermy en om spesifieke finansiële doelwitte te bereik. Die Bokke het teen Nieu-Seeland verloor en hul strategie teen Wallis was nie juis aanskoulik nie. Die onderliggende strategie het egter gewerk. Bly dus by u finansiële plan met 'n paar aanpassings hier en daar.